319.01				Industry: Cartridges and other ammunition and projectiles and parts thereof, including shot and cartridge wads:	
319.01	9306.29	01.06	67	Cartridge cases with a length of 78 mm and wads (power pistons) with a diameter of 23 mm and with a length of 24 mm or more but not exceeding 32 mm, depending on the slug loaded (zinc or lead) for use in the manufacture of cartridges classifiable in tariff subheading 9306.21	Full duty

No. R. 953

9 Oktober 2009

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/649)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylac No. 3 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, in die mate in die Bylac hierby aangetoon.



N NENE
ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES

BYLAE

Deur die invoeging na kortingitem 318.02 van die volgende:

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	T S	Beskrywing	Mate van Korting
319.00				WAPENS EN AMMUNISIE; ONDERDELE EN BYBEHOORSELS DAARVAN:	
319.01				Nywerheid: Patrone en ander ammunisie en projektele daarvan, met inbegrip van hael en patroonpluisies:	
319.01	9306.29	01.06	67	Patroondoppe met 'n lengte van 78 mm en patroonpluisies (krag suiers) met 'n dwarsdeursnee van 23 mm en met 'n lengte van 24 mm of meer maar hoogstens 32 mm, afhangend van die koeël lading (sink of lood) vir gebruik in die vervaardiging van patrone, indeelbaar in tarief subpos 9306.21	Volle reg

**DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS
DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE**

No. R. 968


9 October 2009

PUBLIC SERVICE ACT, 1994

(Promulgated under Proclamation No. 103 of 1994)

ADMINISTRATION AND OPERATIONS: GOVERNMENT PRINTING WORKS

Under section 7A(4) of the Public Service Act, 1994 (promulgated under Proclamation No. 103 of 1994), read with Proclamation No. 58, of 11 September 2009. I hereby, with effect from the date of publication of this Notice, set out the provisions of legislation which confer power and impose duties on the Head of the Government Printing Works and determine provision to apply to the reporting, administrative, organisational, oversight and other management objects, processes and procedures of the Government Printing Works.

pp 

Dr N C D Zuma

Minister of Home Affairs

Date: 19 Aug 2009

SCHEDULE**PART 1****Definitions**

1. In this Schedule, unless the context otherwise indicates:

"Board" means the Advisory Board appointed in accordance with paragraph 5;

"Cabinet" means the Cabinet contemplated in section 91 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;

"CEO" means the Chief Executive Officer of the GPW as contemplated in Column 2 of Part A of Schedule 3 to the Public Service Act, 1994;

"CFO" means the Chief Financial Officer of the GPW;

"Deputy Minister" means the Deputy Minister of Home Affairs;

"DG" means the Director-General: Home Affairs;

"DHA" means the Department of Home Affairs;

"goods" means any product manufactured or sold, or service provided by the GPW, or any ancillary service;

"government component" means a government component as defined in section 1 of the Public Service Act, 1994;

"GPW" means the government component identified in Column 1 of Part A of Schedule 3 to the PSA as the Government Printing Works;

"Minister" means the Minister of Home Affairs;

"National Treasury" means the National Treasury established by section 5 of the PFMA;

"PFMA" means the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);

"PSA" means the Public Service Act, 1994 (promulgated under Proclamation No. 103 of 1994);

"public entity" means a public entity as defined in section 1 of the PFMA;

"public service" means the public service contemplated in section 8 of the PSA; and

"working day" means any day other than a Saturday or Sunday or public holiday provided for in terms of the Public Holidays Act, 1994 (Act No. 36 of 1994).

PART 2

Powers conferred and duties imposed on CEO

2.(1) Section 8 of the Legal Deposit Act, 1997 (Act No. 54 of 1997) directly confers powers and imposes duties on the CEO.

(2) The PFMA and the PSA confer powers and impose duties on the CEO.

PART 3

Function of GPW

3.(1) The function of the GPW is to provide security printing and ancillary services to all organs of state in all spheres of government.

(2) The GPW performs its function subject to general guidance provided by the Minister.

Compliance

4. The GPW must comply with any applicable law, and in the event of a conflict between any law and the provisions of this Schedule, such law prevails.

PART 4

Advisory Board

5.(1) An advisory Board for the GPW is hereby established.

(2) The function of the Board is to advise the Minister and the CEO on the governance and the performance of the GPW and on any other matter which the Minister may from time to time determine in writing, but the Board does not have any executive functions, duties or powers.

(3) The Minister must appoint Board members based on the following principles:

- (a) appointments must be governed by the overriding principle of selection based on merit, determined by an assessment of -

- (i) the functions and the operations of the GPW;
 - (ii) the competencies collectively required by the Board, including the relevant skills, expertise and experience relating to the printing or imaging industries and to managing and transforming a business;
 - (iii) the needs and range of clients of the GPW, including DHA;
 - (iv) the qualifications, skills, expertise and experience of each individual prospective candidate;
- (b) after the appointment of the individual members the Board must broadly reflect the demographics of the Republic and the majority of its members may not be employees of organs of state.
- (4) The Minister may not appoint more than eight members to the Board, excluding the CEO and the CFO who are *ex officio* members of the Board, and must include representatives of the GPW's client base and the DHA.
- (5) The Minister must appoint:
- (a) any Board member other than the CEO or the CFO as Chairperson of the Board;
 - (b) any Board member other than the CEO or the CFO as Chairperson of any subcommittee of the Board.
- (6) The Minister may not appoint a person to the Board:
- (a) who is a member of Parliament, a member of a provincial legislature, a member of Cabinet or a Deputy Minister, a member of a house or council of traditional leaders, or a member of a municipal council;
 - (b) who is not a South African citizen or permanent resident;
 - (c) who or whose spouse, life partner, business partner or associate, holds an office in or is employed by or has any other interest whatsoever in a company or other entity which also provides printing or related services or which provides goods or renders services to the GPW;
 - (d) who is disqualified to act as a Director of a company incorporated in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);
 - (e) who has been convicted, whether in the Republic or elsewhere, of an offence involving dishonesty or of any other offence for which such person has been sentenced to imprisonment without the option of a fine; or
 - (f) who is an unrehabilitated insolvent.
- (7) A Board member other than the CEO or the CFO:

- (a) serves as Board member on the terms and conditions determined by the Minister after consultation with the Minister for the Public Service and Administration; and
 - (b) may resign by giving one month's written notice to the Minister.
- (8) The Board serves at the Minister's pleasure, and the Minister may at any time:
- (a) dissolve the Board and appoint a new Board;
 - (b) terminate the Board membership of an individual Board member,
- but the Minister must when so dissolving the Board or terminating Board membership of an individual Board member immediately provide any affected Board member with written reasons for the dissolution or termination, as the case may be.
- (9) The Minister must upon appointing the Board for public information and in any appropriate manner publish the profile of the Board members.
- (10) The Board has all powers necessary for its functioning as an advisory body without executive functions, duties or powers, and it in particular:
- (a) subject to subparagraphs (13) and (14), may establish its own subcommittees;
 - (b) has immediate access to any information held by the GPW, except information designated in writing by the Minister from time to time as not being included in this category;
 - (c) has immediate access to any information held by the DHA in relation to the GPW, except information designated in writing by the Minister from time to time as not being included in this category;
 - (d) may receive copies of any document submitted by the CEO or the CFO to the Minister or the DG in terms of or under this Notice, as the case may be;
 - (e) may request any employee of the GPW or the DHA to attend any meeting of the Board or any of its subcommittees and to provide written or oral evidence at such a meeting, and unless the Minister in writing excuses such a person from attending that meeting, such an employee must accordingly attend the meeting and must provide written or oral evidence as requested by the Board.
- (11) The Board may at any time, with or without the agreement or support of the CEO, the CFO or the DG, as the case may be, directly approach the Minister or the Deputy

Minister, or the DG, and submit any relevant report to any or all of those persons on any matter related to the Board's function.

(12) Subject to subparagraphs (13) and (14), the Minister may at any time direct the Board in writing to establish a particular subcommittee, and the Minister appoints the Chairperson of that subcommittee, but this does not prevent the Board from establishing its own subcommittees as provided for in subparagraph (10)(a).

(13) The Board must at all times have subcommittees to advise on audit and risk management issues in respect of the GPW.

(14) Any committee or other body established or prescribed in respect of a government component by an Act of Parliament or in terms of or under secondary legislation must be established and managed as prescribed, but -

- (a) such a committee or body does not constitute a subcommittee of the Board;
- (b) the Board has access to any document produced by or on behalf of such a committee or body, unless the Minister in writing directs otherwise.

(15) The CEO and the CFO may attend any meeting of the Board or that of any of its subcommittees and must receive all documents tabled or distributed at any such meeting.

(16) Subject to the subparagraphs (17) to (20) and any applicable law, the Board determines its own meeting rules, proceedings and procedures.

(17) Without in any way derogating from the provisions of any applicable law, the Board must as far as may be practicable adhere to any policy, code, protocol, guideline or similar document on governance or ethics in the public sector approved by Cabinet.

(18) The meetings, minutes and reports of the Board or any of its subcommittees are confidential, unless:

- (a) the Minister or the Chairperson of the Board in writing directs otherwise;
or
- (b) no strategic or commercial interests of the GPW or the DHA are likely to be compromised in the event of its publication.

(19) The Board does not vote on matters before it, but must strive to render advice to the Minister or the CEO based on sufficient consensus excluding the CEO and the CFO. If an individual board member, other than the CEO or the CFO, strongly differs from what appears to be the Board's consensus, he or she may record his or her dissent and

the reasons for such dissent, and such dissenting opinion must be included in any report on the relevant matter to the Minister, Deputy Minister, DG or CEO, as the case may be.

(20) The GPW must provide all the facilities and all reasonable administrative, secretarial and logistical support reasonably required by the Board, and the CEO must after consultation with the Chairperson of the Board designate a particular employee of the GPW as Secretary to the Board.

(21) The GPW is responsible and the CEO is accountable for the Board's expenses.

(22) The CEO and the CFO in the absence of other members do not constitute the Board.

(23) No remuneration is payable to an employee of an organ of state in respect of his or her membership of the Board, but the CEO may for any purpose directly related to any board activity reimburse all board members in respect of any reasonably incurred travel, parking, accommodation and subsistence costs.

Responsibilities of and restrictions on Board members

6.(1) A member of the Board, including the CEO and the CFO, who at any time during his or her term of office becomes disqualified to be a Board member on any one of the grounds contemplated in paragraph 5(6):

- (a) must immediately in writing inform the Minister and the Chairperson of the Board of that disqualification, and the Minister must then forthwith remove that member from the Board; and
- (b) does not have a right to attend a Board meeting from the time he or she has so become disqualified until he or she is removed by the Minister.

(2) A member of the Board who in any way, directly or indirectly, acquires or intends to acquire an interest in a transaction or project of the GPW must immediately in writing disclose the nature of his or her interest or intention to the Chairperson, or if that member is the Chairperson, to the Minister, as well as to the Board at its next meeting.

(3) The disclosure to the Board contemplated in subparagraph (2) must be recorded in the minutes of the meeting.

(4) A member of the Board who has acquired or intends to acquire an interest contemplated in subparagraph (2) may not take part in any discussion or deliberation of the Board relating to that transaction or project contemplated in subparagraph (2).

Reporting requirements in respect of Board

- 7.(1) If the Minister has in writing requested the Board's advice on a particular issue, the Board must as soon as may be practicable submit a report with its advice to the Minister.
- (2) The Board must submit a report to the Minister on its advice or activities as often as the Board deems necessary, whether or not the Minister has specifically requested such advice.
- (3) The Board must record any oral advice rendered to the CEO or the CFO, as the case may be, in the minutes of that Board meeting.
- (4) The CEO must forward the minutes of every Board meeting to the DG within 10 working days after those minutes have been approved by the Board.

PART 5

Reporting requirements of CEO and responsibilities of DG

- 8.(1) The provisions of this paragraph do not in any way exempt the CEO from compliance with all relevant provisions of the PFMA or any other law on or in respect of reporting requirements.
- (2) The CEO must:
- (a) forthwith after receipt of a written request from the Minister or the Deputy Minister for information held by the GPW, the CEO or the Board submit all requested and other information which may also be relevant to the Minister or the Deputy Minister, as the case may be; and
 - (b) on a quarterly basis submit a report to the Minister, detailing all the instances where he or she has performed a duty or exercised a power in terms of or under delegation from the Minister, as well as all the instances where a person to whom the CEO has further delegated such a power or duty has so performed a duty or exercised a power.
- (3) The DG oversees the operations of the GPW for purposes of:
- (a) supporting, promoting and implementing applicable Government policies as well as the Minister's strategic vision in respect of his or her portfolio; and

- (b) advising the Minister on policy implementation, performance, integrated planning, budgeting and service delivery, and the efficient, economic and effective use of resources by or in respect of the GPW,

but the DG has no further functions, duties, powers, responsibilities or accountability in respect of the GPW, other than as provided for in this Notice or as may be prescribed by or in law.

(4) The CEO must submit to the DG:

- (a) on a quarterly basis, all relevant reports and performance information of the GPW which will enable the DG to advise the Minister as contemplated in subparagraph (3)(b);
- (b) on a quarterly basis, a copy of the document contemplated in subparagraph (2)(b); and
- (c) annually, the GPW's strategic plan, annual report and annual financial statements,

and the DG may in writing question the CEO on or request further information in respect of any report or statement so submitted.

(5) For purposes of subparagraph (3), the CEO must monthly within 10 working days after the end of a calendar month in writing submit an operational and performance report to the Chairperson of the Board and to the DG in respect of that month, containing details of all work undertaken by the GPW during that month and any other relevant information the Chairperson or the DG may require, in the format so required. The format may include information broken down into individual projects, indicating the nature of the work, the name of the client, the monetary value of the work, the quantity of goods or services manufactured, provided or sold during the reporting period, whether such work has been completed, whether the goods involved have been delivered to the client, and whether service level agreements or standards have in the opinion of the CEO been met.

(6) If the DG invites the CEO to attend a meeting of the DHA's Executive Committee, the CEO must do so unless he or she has other compelling prior commitments, in which case the CEO must inform the DG that he or she cannot attend and who his or her representative at the meeting will be.

(7) The provisions of this Notice do not in any way derogate from the equal status that the DG and the CEO enjoy in terms of or under the PSA or the PFMA as Heads of a Department and of a Government Component, respectively.

PART 6**Financial reporting arrangements**

9. All financial, policy and procedural arrangements for the GPW provided for in or in terms of or under the PFMA or any other applicable law must on the date of establishment of the GPW as a Government Component by the President of the Republic, continue on the same basis as that applicable to a Trading Entity, and the GPW must annually declare any surplus or deficit, as the case may be, to the National Treasury and seek National Treasury approval should it need to retain the surplus.

No. R. 968


9 Oktober 2009

STAATSDIENSWET, 1994

(Afgekondig by Proklamasie Nr. 103 van 1994)

ADMINISTRASIE EN WERKSAAMHEDE: STAATSDRUKKERY

Kragtens artikel 7A(4) van die Staatsdienswet (afgekondig by Proklamasie Nr. 103 van 1994), gelees met Proklamasie Nr 58, van 11 September 2009, lys ek hiermee die bepalings van wetgewing wat met ingang van die publikasiedatum van hierdie Kennisgewing bevoegdhede verleen en pligte aan die Hoof van die Staatsdrukkery op lê, en ek stel bepalings vas wat op die verslagdoenings-, administratiewe, organisatoriese, toesighoudings- en ander bestuursoogmerke, -prosesse en -prosedures van die Staatsdrukkery van toepassing is.



Dr. N C D Zuma

Minister van Binnelandse Sake

Datum: 19 Aug 2009

BYLAE**DEEL 1****Woordomskrywings**

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

"Adjunk-minister" die Adjunk-minister van Binnelandse Sake;

"DG" Direkteur-Generaal: Binnelandse Sake;

"goedere" enige produk wat vervaardig of verkoop word of diens wat deur die Staatsdrukkery verskaf word, of enige ander aanvullende diens;

"handelonderneming" 'n handelonderneming omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999;

"Hoof- Finansiële Beampte" die Hoof- Finansiële Beampte van die Staatsdrukkery;

"Hoof- Uitvoerende Beampte" die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Staatsdrukkery beoog in Kolom 2 van Deel A van Bylae 3 tot die Staatsdienswet, 1994;

"Kabinet" die Kabinet beoog in artikel 91 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"Minister" die Minister van Binnelandse Sake;

"Nasionale Tesourie" beteken die Nasionale Tesourie ingestel kragtens artikel 5 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999;

"staatsdiens" beteken die staatsdiens beoog in artikel 8 van die Staatsdienswet, 1994;

"openbare instelling" 'n openbare instelling omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999;

"Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999" die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

"Staatsdienswet, 1994," die Staatsdienswet, 1994 (afgekondig by Proklamasie Nr. 103 van 1994);

"Raad" die Adviesraad ooreenkomstig paragraaf 5 aangestel;

"regeringskomponent" 'n regeringskomponent soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1994;

"Staatsdrukkery" die regeringskomponent wat in Kolom 1 van Deel A van Bylae 3 tot die Staatsdienswet, 1994, as die Staatsdrukkery geïdentifiseer is;

“werksdag” beteken enige dag anders as Saterdag en Sondag of ’n openbare vakansiedag soos omskryf in die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet 36 van 1994).

DEEL 2

Bevoegdhede verleen en pligte opgelê aan Hoof- Uitvoerende Beampte

- 2.(1) Artikel 8 van die Wet op Pliglewering, 1997 (Wet No. 54 van 1997) verleen direk bevoegdhede aan en lê pligte op die Hoof- Uitvoerende Beampte.
- (2) Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, en die Staatsdienswet, 1994, verleen bevoegdhede aan en lê pligte op die Hoof- Uitvoerende Beampte.

DEEL 3

Funksie van Staatsdrukkery

- 3.(1) Die funksie van die Staatsdrukkery is om sekuriteitsdrukwerk en aanvullende dienste aan alle staatsorgane in alle regeringsfere te verskaf.
- (2) Die Staatsdrukkery voer sy funksie uit onderhewig aan die Minister se algemene leiding.

Voldoening

4. Die Staatsdrukkery moet aan enige toepaslike reg voldoen, en in geval van konflik tussen enige reg en die bepalinge van hierdie Bylae, geld sodanige reg.

DEEL 4

Adviesraad

- 5.(1) ’n Adviesraad vir die Staatsdrukkery word hierby ingestel.
- (2) Die funksie van die Raad is om die Minister en die Hoof- Uitvoerende Beampte ten opsigte van die bestuur en werkverrigting van die Staatsdrukkery te adviseer, en ten

opsigte van enige ander saak wat die Minister van tyd tot tyd skriftelik kan bepaal, maar die Raad beskik nie oor enige uitvoerende funksies, pligte of bevoegdhede nie.

(3) Die Minister moet Raadslede aan hand van die volgende beginsels aanstel:

(a) aanstellings moet deur die oorheersende beginsel van uitverkiesing gebaseer op meriete beheers word, vasgestel by wyse van 'n waardebeplanning van -

(i) die funksies en werksaamhede van die Staatsdrukkery;

(ii) die vaardighede wat gesamentlik deur die Raad vereis word, insluitende die toepaslike bekwaamhede, kundigheid en ervaring met betrekking tot die druk- of beeldskeppingsnywerhede en die bestuur en omskepping van 'n besigheid;

(iii) die behoeftes van en die verskeidenheid kliënte van die Staatsdrukkery, insluitende die Department van Binnelandse Sake;

(iv) die kwalifikasies, bekwaamhede, kundigheid en ervaring van elke individuele voornemende kandidaat,

(b) na die aanstelling van die individuele lede moet die Raad die demografie van die Republiek naastenby weerspieël en die meerderheid van lede mag nie werknemers van staatsorgane wees nie.

(4) Die Minister mag nie meer as agt lede in die Raad aanstel nie, uitgesluit die Hoof- Uitvoerende Beampte en die Hoof- Finansiële Beampte wat uit hoofde van hulle amp lede van die Raad is, en moet verteenwoordigers van die Staatsdrukkery se klandisie en die Department van Binnelandse Sake insluit.

(5) Die Minister moet die volgende aanstel:

(a) as Voorsitter van die Raad, enige Raadslid uitgesonderd die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Hoof- Finansiële Beampte;

(b) as Voorsitter van enige subkomitee van die Raad, enige Raadslid uitgesonderd die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Hoof- Finansiële Beampte;

(6) Die Minister mag nie 'n persoon in die Raad aanstel nie wat -

(a) 'n lid van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, die Kabinet of 'n Adjunk-minister, 'n huis of raad van tradisionele leiers, of 'n munisipale raad is;

(b) nie 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner is nie;

- (c) self of wie se eggenoot of eggenote, lewensmaat, sakevennoot of assosiaat 'n betrekking beklee by of in die diens is van of enige belange hoegenaamd het in 'n maatskappy of ander instelling wat ook drukwerk of verwante dienste lewer of verskaf, of wat goedere verskaf of dienste aan die Staatsdrukkery lewer;
 - (d) onbevoeg is om as Direkteur te dien van 'n maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet, 1973 Wet 61 van 1973) geïnkorporeer is;
 - (e) in die Republiek of op enige ander plek aan 'n oortreding skuldig bevind is waarby oneerlikheid betrokke was, of aan enige ander oortreding waarvoor sodanige persoon tot tronkstraf sonder keuse van 'n boete gevonnissen is; of
 - (f) 'n ongerehabiliteerde insolvent is.
- (7) Enige Raadslid uitgesonderd die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Hoof-Finansiële Beampte:
- (a) dien as Raadslid ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes wat die Minister na oorlegpleging met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie vasgestel het; en
 - (b) kan bedank deur een maand se skriftelike kennis aan die Minister te gee.
- (8) Die Raad dien vir solank dit die Minister behaag, en die Minister kan te enige tyd:
- (a) die Raad ontbind en 'n nuwe Raad aanstel;
 - (b) die Raadslidmaatskap van 'n individuele Raadslid beëindig,
- maar wanneer die Raad aldus ontbind of die Raadslidmaatskap van 'n individuele Raadslid beëindig word, moet die Minister onmiddellik enige getroffe Raadslid voorsien van skriftelike redes vir die ontbinding of beëindiging, na gelang van die geval.
- (9) Die Minister moet by die aanstelling van die Raad die profiel van die Raadslede op enige gepaste wyse vir openbare inligting publiseer.
- (10) Die Raad beskik oor alle noodsaaklike bevoegdhede vir sy funksionering as 'n adviserende liggaam sonder uitvoerende funksies, pligte of bevoegdhede, en die Raad kan in die besonder -
- (a) onderhewig aan subparagrafe (13) en (14), sy eie subkomitees instel;
 - (b) onmiddellike toegang verkry tot enige inligting waarvoor die Staatsdrukkery beskik, behalwe inligting wat skriftelik van tyd tot tyd deur die Minister aangewys word as inligting wat nie tot hierdie kategorie behoort nie;

- (c) onmiddellike toegang verkry tot enige inligting waaroor die Department van Binnelandse Sake met betrekking tot die Staatsdrukkery beskik, behalwe inligting wat skriftelik van tyd tot tyd deur die Minister aangewys word as inligting wat nie tot hierdie kategorie behoort nie;
- (d) afskrifte ontvang van enige dokument wat deur die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Hoof- Finansiële Beampte ingevolge of kragtens hierdie Kennisgewing voorgelê is aan die Minister of die DG, na gelang van die geval;
- (e) enige werknemer van die Staatsdrukkery of die Department van Binnelandse Sake versoek om enige vergadering van die Raad of enige van die subkomitees daarvan by te woon en om skriftelike of mondelinge getuienis tydens sodanige vergadering te lewer, en tensy die Minister sodanige persoon skriftelik van die bywoning van daardie vergadering verskoon, moet sodanige werknemer dienooreenkomstig die vergadering bywoon en skriftelike of mondelinge getuienis lewer soos deur die Raad versoek.

(11) Die Raad kan te enige tyd, met of sonder die instemming of ondersteuning van die Hoof- Uitvoerende Beampte, die Hoof- Finansiële Beampte of die DG, na gelang van die geval, die Minister of Adjunk-minister of die DG direk nader, en enige toepaslike verslag aan enige of aan al daardie persone voorlê aangaande enige aangeleentheid wat met die Raad se funksie verband hou.

(12) Die Minister kan onderhewig aan subparagrafe (13) en (14) te enige tyd die Raad skriftelik gelas om 'n spesifieke subkomitee in te stel, en die Minister stel die Voorsitter van daardie subkomitee aan, maar dit verhoed nie die Raad om sy eie subkomitees in te stel nie, soos in subparagraaf (10)(a) bepaal.

(13) Die Raad moet te alle tye subkomitees hê om ten opsigte van die Staatsdrukkery oor oudit- en risikobestuurskwessies advies te gee.

(14) Enige komitee of ander liggaam ten opsigte van 'n regeringskomponent wat deur 'n Parlements-wet of ingevolge of kragtens sekondêre wetgewing ingestel of voorgeskryf word, moet soos voorgeskryf ingestel en bestuur word, maar -

- (a) sodanige komitee of liggaam stel nie 'n subkomitee van die Raad daar nie;

- (b) die Raad het toegang tot enige dokument wat deur of namens sodanige komitee of liggaam opgestel word, tensy die Minister skriftelik anders gelas.
- (15) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte en die Hoof- Finansiële Beamppte kan enige vergadering van die Raad of enige van sy subkomitees bywoon, en hulle moet alle dokumentasie ontvang wat tydens sodanige vergadering ter tafel gelê of versprei word.
- (16) Die Raad bepaal onderhewig aan subparagrafe (17) tot (20) en enige toepaslike reg sy eie vergaderingreëls, -verrigtinge en -prosedures.
- (17) Die Raad moet vir sover as wat dit prakties moontlik is enige beleid, kode, protokol, riglyn of soortgelyke dokument oor bestuur of etiek in die openbare sektor wat deur die Kabinet goedgekeur is, nakom, sonder om op enige manier aan die bepalinge van enige toepaslike reg afbreuk te doen.
- (18) Die vergaderings, notules en verslae van die Raad of enige van sy subkomitees is vertroulik tensy -
- (a) die Minister of die Voorsitter van die Raad skriftelik anders gelas; of
 - (b) geen strategiese of handelsbelange van die Staatsdrukkery of die Department van Binnelandse Sake waarskynlik in gedrang sal kom indien dit gepubliseer word nie.
- (19) Die Raad stem nie oor sake wat voor hom dien nie, maar moet daarna streef om advies aan die Minister of die Hoof- Uitvoerende Beamppte te lewer wat gegrond is op genoegsame eenstemmigheid, waarvan die Hoof- Uitvoerende Beamppte en die Hoof- Finansiële Beamppte uitgesluit is. Indien 'n individuele Raadslid uitgesonderd die Hoof- Uitvoerende Beamppte of die Hoof- Finansiële Beamppte ernstig verskil van wat die Raad se eenstemmigheid blyk te wees, kan hy of sy sy of haar meningsverskil laat notuleer asook die redes vir sodanige meningsverskil, en sodanige meningsverskil moet by enige verslag oor die betrokke saak aan die Minister, Adjunk-minister, DG of Hoof- Uitvoerende Beamppte, na gelang van die geval, ingesluit word.
- (20) Die Staatsdrukkery moet al die fasiliteite en alle redelike administratiewe, sekretariële en logistieke ondersteuning verskaf wat redelikerwys deur die Raad vereis word, en die Hoof- Uitvoerende Beamppte moet na oorlegpleging met die Voorsitter van die Raad 'n spesifieke werknemer van die Staatsdrukkery as Sekretaris van die Raad aanwys.
- (21) Die Staatsdrukkery is verantwoordelik vir en die Hoof- Uitvoerende Beamppte is aanspreeklik ten opsigte van die Raad se uitgawes.

(22) Die Hoof- Uitvoerende Beampte en die Hoof- Finansiële Beampte maak nie in afwesigheid van ander lede die Raad uit nie.

(23) Geen vergoeding is aan enige werknemer van 'n staatsorgaan ten opsigte van sy of haar Raadslidmaatskap betaalbaar nie, maar die Hoof- Uitvoerende Beampte kan vir enige doel wat direk met enige Raadsbedrywigheid verband hou, alle raadslede ten opsigte van enige redelike reis-, parkeer-, akkommodasie- en onderhoudskoste vergoed wat redelikerwys aangegaan is.

Verantwoordelikhede van en beperkings op Raadslede

6.(1) 'n Lid van die Raad, insluitend die Hoof- Uitvoerende Beampte en die Hoof- Finansiële Beampte, wat te enige tyd tydens sy of haar dienstyd om enige van die redes beoog in paragraaf 5(6) as lid van die Raad onbevoeg word -

- (a) moet onmiddellik die Minister en die Voorsitter van die Raad skriftelik van daardie onbevoegdheid in kennis stel, en die Minister moet dan daardie lid onverwyld van die Raad verwyder; en
- (b) het nie die reg om 'n Raadsvergadering by te woon nie vanaf die oomblik wat hy of sy onbevoeg word totdat hy of sy deur die Minister verwyder word.

(2) 'n Lid van die Raad wat op enige manier, direk of indirek, belange in 'n transaksie of projek van die Staatsdrukkery bekom of van voorneme is om dit te bekom, moet die aard van sy of haar belange of voorneme onmiddellik skriftelik aan die Voorsitter openbaar, of indien daardie lid die Voorsitter is, aan die Minister, asook aan die Raad tydens die volgende Raadsvergadering.

(3) Die openbaring aan die Raad soos in subparagraaf (2) beoog moet in die notule van die vergadering aangeteken word.

(4) 'n Lid van die Raad wat 'n belang bekom het of van voorneme is om 'n belang te bekom soos in subparagraaf (2) beoog, mag aan geen bespreking of oorweging van die Raad deelneem nie wat verband hou met daardie transaksie of projek wat in subparagraaf (2) beoog is.

Verlagdoeningsvereistes ten opsigte van Raad

- 7.(1) Indien die Minister skriftelik die Raad se advies oor 'n spesifieke kwessie versoek het, moet die Raad so spoedig as wat prakties moontlik is 'n verslag met die Raad se advies daarin vervat aan die Minister voorlê.
- (2) Die Raad moet so dikwels as wat hy dit nodig ag 'n verslag oor sy advies of bedrywighede aan die Minister voorlê, ongeag of die Minister uitdruklik sodanige advies versoek het al dan nie.
- (3) Die Raad moet enige mondelinge advies wat gegee is aan die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Hoof- Finansiële Beampte, na gelang van die geval, in die notule van die Raadsvergadering aanteken.
- (4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet die notule van elke Raadsvergadering binne 10 werksdae nadat daardie notule deur die Raad goedgekeur is, aan die DG deurstuur.

DEEL 5**Verlagdoeningsvereistes van Hoof- Uitvoerende Beampte en verantwoordelikhede van DG**

- 8.(1) Die bepalings van hierdie paragraaf stel die DG in geen opsig kwyt daarvan om aan al die tersaaklike bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, of enige ander reg oor of ten opsigte van verslagdoeningsvereistes te voldoen nie.
- (2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet-
- (a) onverwyld na ontvangs van 'n skriftelike versoek deur die Minister of Adjunk-minister om toegang tot inligting gehou deur die Staatsdrukkery, die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Raad, alle inligting wat versoek is of wat tersaaklik kan wees, onverwyld voorlê aan die Minister of Adjunk-minister, na gelang van die geval;
 - (b) kwartaalliks 'n verslag aan die Minister voorlê waarin alle gevalle opgeteken is waar hy of sy 'n plig of 'n bevoegdheid kragtens of ingevolge 'n delegasie van die Minister nagekom of uitgeoefen het, asook al die gevalle waar 'n persoon aan wie die Hoof- Uitvoerende Beampte

sodanige bevoegdheid of plig verder gedelegeer het, aldus sodanige plig nagekom of bevoegdheid uitgeoefen het.

(3) Die DG hou toesig oor die werksaamhede van die Staatsdrukkery vir doeleindes van -

- (a) die ondersteuning, bevordering en implementering van toepaslike Regeringsbeleid sowel as die Minister se strategiese visie ten opsigte van sy of haar portefeulje; en
- (b) raadgeving aan die Minister ten opsigte van beleidsimplementering, werkverrigting, geïntegreerde beplanning, die begroting en dienslewering, en die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van hulpbronne deur of ten opsigte van die Staatsdrukkery,

maar die DG het geen verdere funksies, pligte, bevoegdhede, verantwoordelikhede of aanspreeklikheid ten opsigte van die Staatsdrukkery nie, anders as waarvoor daar in hierdie Kennisgewing voorsiening gemaak word of soos deur die reg of by wet voorgeskryf mag word.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet die volgende aan die DG voorlê:

- (a) kwartaalliks, alle tersaaklike verslae en werkverrigtingsinligting van die Staatsdrukkery wat die DG in staat sal stel om die Minister te adviseer soos in subparagraaf (3)(b) beoog;
- (b) kwartaalliks, 'n afskrif van die dokument in subparagraaf (2)(b) beoog; en
- (c) jaarliks, die Staatsdrukkery se strategiese plan, jaarverslag en jaarlikse finansiële state,

en die DG mag die Hoof- Uitvoerende Beampte skriftelik ten opsigte van enige verslag of staat wat aldus voorgelê is, ondervra of verdere inligting daaromtrent versoek.

(5) Vir doeleindes van subparagraaf (3) moet die Hoof- Uitvoerende Beampte maandeliks binne 10 werksdae na die einde van 'n kalendermaand skriftelik 'n bedryfs- en werkverrigtingsverslag ten opsigte van daardie maand aan die Voorsitter van die Raad en aan die DG in die vereiste formaat voorlê waarin besonderhede van alle werk wat deur die Staatsdrukkery gedurende daardie maand onderneem is, asook enige ander tersaaklike inligting wat die Voorsitter en DG mag vereis, vervat is. Die formaat kan inligting insluit wat ten opsigte van individuele projekte uiteengesit is, wat die aard van die werk, die naam van die kliënt, die monetêre waarde van die werk asook die hoeveelheid van goedere of dienste tydens die verslagtydperk vervaardig, verskaf of verkoop aandui, ongeag of daardie werk voltooi is, of die betrokke goedere aan die kliënt

gelewer is en of diensvlakooreenkomste of -standaarde na die Hoof- Uitvoerende Beampte se mening nagekom is.

(6) Indien die DG die Hoof- Uitvoerende Beampte uitnoui om 'n vergadering van die Department van Binnelandse Sake se uitvoerende komitee by te woon, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte daaraan gehoor gee, tensy hy of sy ander reeds ander dwingende verpligtinge het, in welke geval die Hoof- Uitvoerende Beampte die DG in kennis moet stel dat hy of sy nie die vergadering sal kan bywoon nie en wie sy of haar verteenwoordiger by die vergadering sal wees.

(7) Die bepalinge van hierdie Kennisgewing doen geensins afbreuk aan die gelyke status wat die DG en die Hoof- Uitvoerende Beampte kragtens of ingevolge die Staatsdienswet, 1994, of die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, as hoofde van 'n departement en van 'n regeringskomponent onderskeidelik geniet nie.

DEEL 6

Finansiële verslagdoeningsreëlings

9. Alle finansiële, beleids- en prosedurereëlings van die Staatsdrukkery waarvoor daar kragtens of ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, of enige ander toepaslike reg voorsiening gemaak word, moet op die datum waarop die Staatsdrukkery deur die President van die Republiek as 'n regeringskomponent ingestel word, op dieselfde basis voortgaan as wat van toepassing is op 'n handelonderneming, en die Staatsdrukkery moet jaarliks enige surplus of tekort, na gelang van die geval, aan die Nasionale Tesourie verklaar en die goedkeuring van die Nasionale Tesourie verkry indien die Staatsdrukkery beoog om die surplus te behou.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531